DIE OLIELAMP

Blad van die Jeug in die Vrye Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika

KORRUPSIE

Vandag in Suid Afrika hoor ons steeds meer en meer van gevalle van korrupsie. Dink maar aan die bevindings van die spesiale Heath ondersoek eenheid, die kwessie rondom Allan Boesak en die King Kommisie wat aangestel is om wedstryd knoeiery in krieket in Suid Afrika te ondersoek. (sien ook artikel *Hansie sê satan het hom verlei*)

Om op 'n korrupte manier jouself te verryk is 'n meer subtiele manier van steel. Die kategismus praat hier (Sondag 42) van "*skelmstreke en liste*" soos die "*vervalsing van gewigte, lengtemaat, inhoudsmaat, goedere, geld, deur woeker*" of enige vorm van bedrog. Die mens se verstand is vindingryk met bose dinge, die baie skemas om mensself te verryk ten koste van ander is moeilik opvolgbaar. Mens vat 'n bietjie hier en 'n bietjie daar sonder dat iemand iets agterkom, of altans, dit is wat ons dink.

Ook al word mense se korrupte aktiwiteite nooit oopgevlek nie bly dit nog steeds sonde teen die agste gebod. Dit is dan ook belangrik om goed na die tweede gedeelte van Sondag 42 te kyk en dit toe te pas in ons lewens.
"*Ek moet die belange van my naaste waar ek kan en mag, bevorder en hom so behandel soos wat ek wil hê dat die mense my moet behandel.*"

As ons daarvolgens lewe is daar nie plek vir korrupsie in ons samelewing nie. Kom ons maak dit dan ook deel van ons lewenshouding om sodoende korrupsie in die samelewing teen te werk.

Namens die PTA-redaksie

Rinus Kamphuis

PS. In die vorige uitgawe het daar 'n anonieme artikel verskyn sonder dat die betrokke redaksie geweet het wie die skrywer daarvan was. In die vervolg sal sulke artikels nie geplaas word sonder dat die betrokke redaksie weet wie die skrywer daarvan is nie. Indien 'n skrywer egter verkies om anoniem te bly kan dit met die betrokke redaksie gereël word.

INHOUD

Uit die Woord
- Goddelike uitverkiesing en verwerping – Dordtse Leerreëls Hoofstuk 1 — 2
- Salig (Matt. 5:7 en 8) — 3
- Bekering (Lukas 15) — 3

Oppad
- Die begin van die Christendom: 1 - 325 n.C. — 4
- Seksualiteit en bou van verhoudings — 5

Voel jy ook so?
- Hansie sê Satan het hom verlei — 7
- Kom jy saam Sondagaand? — 7
- Gebed — 9

Sosiaal
- Deur die sleutelgat — 10
- Eksamen Stres — 12
- Voetspore — 12

Ander
- Boekbekendstellings: Kennis is mag. — 14
- Iets om oor na te dink… — 15
- Verjaarsdae — 15

GODDELIKE UITVERKIESING EN VERWERPING
- DORDTSE LEERREËLS HOOFSTUK 1

Margreet Bron

Die mens is aan die begin na die beeld van God geskape, met ware kennis van sy Skepper en ander geestelike dinge, in sy wil en in sy geregtigheid in al sy dade is Hy suiwer en in alles heilig.

Na die beeld van God beteken ook dat ons 'n amptelike verhouding met God gehad het. 'n Verbondsverhouding wat Hy eensydig opgerig het en slegs deur genade aan ons geskenk het. Dan word die verhouding tweesydig waar die mens Hom met al sy kragte en gawes moet dien en eer. God het alle dinge geskape om die mens te dien en die mens om God te dien (Gen. 1:26). Die beeld van God bestaan in ware kennis, geregtigheid en heiligheid, dit weet ons omdat God die sondaar herskep na die beeld van God (Kol. 3:10 & Ef. 4:24). Hierdie 3 dinge kan *onderskei* maar nie *geskei* word nie.

- Ware kennis ontvang die wedergeborene sodat hy as profeet God die Skepper reg sou ken.
- Ware heiligheid sodat hy as priester God sal liefhê bo alles en sy naaste soos homself.
- Ware geregtigheid sodat hy as koning God sal dien en oor alle skepsele sal regeer.

Die weg van die verbond het twee weë. Die twee bome waartussen die mens moet kies. En hy het gekies en die keuse maak die mens die teendeel as wat hy was.

- As profeet is hy verduister in verstand, sy denke en word nou deur Satan beheer.
- Die koning word slaaf van Satan, sy gawes en kragte gee hy in diens van die sonde.
- Die priester lê nie meer sy offerhandes met dank op die offeraltaar van sy God en Skepper nie, maar hy gee dit aan Satan deur middel van die sonde.

Die sondeval het die mens beïnvloed sodat sy plek voor God 'n leemte geword het. Geen normale mens kan die plek meer vul nie. God wil die beeld herstel hê, maar die mens kan dit nie self doen nie, want hyself is tot niks goed in staat nie. God kom na ons toe met sy verlossing.

Die Remonstrante sê dat ons God halfpad moet ontmoet deur met die goeie wil wat in ons oor is, eers die verlossing van God te kies voordat Hy sy verlossing in ons bewerk. Ons moet eers ons gawes en kragte gebruik om Hom te dien voor Hy ons verlossing skenk.
Dit is heeltemal verkeerd, want ons is van onsself tot niks goeds in staat nie. Hy kies self sy volk uit. Uit honderde volke het Hy vir Israel as volk gekies.
Hoekom, dit weet en verstaan ons nie. Maar ons mag wel weet dat ons uit dankbaarheid alleen sy gawes kan en mag ontvang.

Redaksies:

Pretoria:
Redakteur: Rinus Kamphuis (kamphuisrk@hotmail.com)
Sekretaresse: Karina Smit & Annet Lubbinge
Penningmeester: Arjan van Houwelingen
Lede: Willemien Kleijn
Wilma Lubbinge
Anita Zielman

Maranata:
Redakteur: Hein Smit (hein.smit@bmw.co.za)
Sekretaresse: Annemarie de Vente
Penningmeesteresse: Cora Visser
Lede: Margreet Bron, Frans Hagg

Kaapstad:
Redaktrise: Mirjam Raimond (mraimond@adept.co.za)
Artikelversorging: Maartje Eefting
Margreet Moes
Sekretaresse: Christine van der Linden
Finansies: Jaco Haak

Kontakpersone:
Johannesburg: Wolter Bijker (wolter@global.co.za)
Bethal: Leclue Nienaber

Uitleg:
Gerhard Bijker (gerh@rd.co.za)

Ons hoop om *Die Olielamp* 10 keer per jaar uit te gee. Hierdie eksemplaar is ook elektronies beskikbaar by die volgende internet adres: *http://www.vgk.org.za/olielamp/*

Koste: R35.00 per jaar

SALIG (MATT. 5:7 EN 8)

Chrisjan van Alten

Vers 7 - Salig is die barmhartiges,want aan hulle sal barmhartigheid bewys word.

"Salig is die barmhartiges,"sê Christus. Dit moet nie onduidelik wees WAT JESUS HIERMEE BEDOEL NIE. Hy spreek van die liefde tot die naaste, wat so kragtig geopenbaar word in die beoefening van die barmhartigheid. Kom ons kyk na die belofte wat in vers 7 opgeteken is: Telkens wys Jesus ons op die einde. Hy het die koninkryk van die hemele beloof, wat eenmaal op die aarde gevind sal word; daarna het Hy van vertroosting gespreek as die teruggawe van alles wat verlore is. Kom ons dink daaraan dat ons nooit onder die barmhartigheid uitkom nie. Ons beskik nie oor onsself nie. Dit is God, en dit is Hy alleen, wat oor ons lot beskik, van nou af tot op die Jongste Dag. Van Hom en van sy barmhartigheid bly ons heeltemal afhanklik. Die saligheid is uit genade.

Vers 8 - Salig is die wat rein van hart, want hulle sal God sien.

In die soetklinkende woorde van saligheid spreek Jesus van wat die Heilige Gees in ons doen: Hy maak ons arm van gees, treurig van hart, sag van gemoed, hongerig en dorstig.

Dan gaan Jesus oor wat die Heilige Gees deur ons doen: ons honger en dors rig hulle op die wet van God(die geregtigheid) en word versadig in die beoefening van barmhartigheid . Ons oog word op die hulpbehoewende of gevalle medemens gevestig. Maar dit kan nie die enigste en die hoogste wees nie. Daarom dat Jesus nou ons gedagtes tot God ophef en sê: "*Salig is die wat rein van hart is, want hulle sal God sien.*" "Daar is Hy; daar is sy Lig, wat soos 'n son agter u gesigseinder opkom; daar is Hy, Hy kom voort uit die onpeilbare blou van sy eie wese; daar is Hy in die aangesig van Jesus Christus!!" O, mag dit ons deel wees!!

BEKERING (LUKAS 15)

Marjan Middeljans

Die dae het verby gekruip waar Janus in sy vuil, piepklein buitekamertjie sit. As hy saans op die plank, wat sy bed moet voorstel, na die dak lê en kyk, dink hy aan sy pa se plaas. Selfs sy pa se werkers word beter behandel as hy. Vir die afgelope vier dae het hy omtrent niks geëet nie. Self weet hy dat dit nie só kan aangaan nie. Hy sal 'n plan moet maak om weer op die plaas te kom.

Douvoordag is hy die volgende oggend weg. Toe hy so halfpad op 'n klip sit en rus, wonder hy wat sy pa sal sê as hy hom weer sien. Hy besef dat hy baie verkeerd was. Hoe nader hy aan die plaas kom, hoe meer sak die moed in sy skoene. Net toe die son se laaste strale oor die aarde val, sien hy sy pa op die stoep van die plaashuis staan. Sy pa hardloop hom tegemoet toe hy sien wie daar aankom. Toe kon hy dit nie meer uithou nie. "Vader!" ,roep hy, "Ek het gesondig teen die Hemel en voor u. Ek is nie meer werd om u seun genoem te word nie. Maak my tog een van u werkers!" . Maar die vader ontvang hom hartlik en organiseer selfs 'n fees vir hom. Sy broer Fanie, was ontsettend jaloers. Hy, die modelkind, mog nooit eers 'n partytjie hou nie, en kyk nóú!

Wie ken nie die verhaal van die verlore seun nie? In die verhaal sien ons dat ons nie sonder bekering, waaronder ook daaglikse bekering, kan leef nie. En dis nie slegs die "Janussse" wat hulle moet bekeer nie, maar ook die "Fanies" wat trou twee keer op 'n Sondag kerk toe gaan en vroom en opreg lewe. Selfs ons beste dade is met sonde bevlek.

Sonder gebed is bekering egter onmoontlik. Jy moet jou hart eers vir die Heilige Gees oopmaak. Sonde**besef** alleen is nie bekering nie. Bekering beteken ook dat jy definitief moet **breek** met jou sondes.

Ek wil graag afsluit met die woorde van Lukas 15:32: "Ons moet tog vrolik en bly wees, want hierdie broer van jou was dood en het weer lewendig geword, en hy was verlore en is weer gevind."

Oppad

DIE BEGIN VAN DIE CHRISTENDOM: 1 - 325 N.C.

Margreet Moes

Die kerk brei uit: van Jerusalem na Rome

Jesus is omtrent 30 jaar na sy geboorte in Jerusalem deur die Romeinse owerheid tereggestel op 'n valse aanklag van verraad. Dit was nie 'n belowende begin vir 'n nuwe godsdiens nie! Binne drie dae het die gerug egter versprei dat Hy leef, dat Hy opgestaan het uit die dood. Sewe weke later is sy opstanding onbeskroomd openbaar gemaak in dieselfde stad waar Hy tereggestel is.

Duisende Jode en Joodse bekeerlinge het uit ander dele van die Romeinse Ryk na Jerusalem gereis en begin glo in die verlossing deur Jesus. Dit was die geboorte van die Christelike kerk, soos opgeteken in die boek Handelinge. 'n Dissipel, Stefanus het met sy onverskrokke prediking met party Joodse leiers gebots wat gelei het tot sy teregstelling en die algemene vervolging teen die Christene en dié wat geglo het die geloof is vir ook vir heidene. Petrus en Johannes het die leiding van die dissipels geneem en onder die nie-Jode ook gepredik onder die skerp kritiek van Joodse Christene van Antiochië. Petrus het daarom Paulus se werk onder die heidene verwelkom. Volgens oorlewering het hy 'n marteldood in Rome gesterf tydens Nero se vervolging van die Christene. As gevolg van sy marteldood het hy groot aansien aan die gemeente in Rome verleen en is die Sint Pieterskerk daar gebou. Die pouse van Rome het nou daarop aanspraak gemaak dat hulle regstreekse geestelike opvolgers van Petrus is.



Die Christendom het in die eerste drie dekades die beskerming van die Romeinse wet geniet, omdat dit slegs as 'n tydelike sekte beskou is. Maar toe daar 'n duidelike verskil kom tussen Judaïsme en die Christendom, het die Christene hul Joodse voorregte begin verloor. Keiser Nero het Christene in sy tuin

verbrand en gemartel, omdat hulle nie die keiser wou vereer nie. Die vervolging het tot in 305 n.C. geduur. Teen die einde van die 2de eeu het die Christendom 'n sterk en meeslepende beweging geword, omdat dit die intellek van die voorste denkers van daardie tyd bevredig het. In die 3de eeu was die Christendom 'n ryk binne die Ryk, maar vervolging was daar nog steeds. Die vraag na elke vervolging was wat om met dié Christene te doen wat hul geloof afgesweer het om te kan bly leef. Callistus, 'n biskop van Rome het geglo dat geen sonde onvergeefbaar is na werklike berou. Hy het hom beroep op die gelykenis van die

verlore skaap en seun. Die Novatiane het dit egter sterk afgekeur en ‘n kerkskeuring veroorsaak. Die kerk het ook na Noord-Afrika versprei en die eerste Christen-monnike het in die laaste deel van die 3de eeu in Sirië en Egipte verskyn.

Hoe die Nuwe Testament tot ons gekom het

‘n Oorweldigende aantal handgeskrewe tekste is beskikbaar om die NT in die oorspronklike Grieks te bestudeer. Daar is ongeveer 3000 Griekse manuskripte en 2205 kerk-leesboeke warvan die meeste uit die 8ste eeu dateer. Die oudste volledige manuskrip van die NT wat nog bestaan, is die *Codex Vaticanus* uit die 4de eeu. Dele van die Evangelies, Handelinge, Paulus se briewe, Hebreërs en Openbaring dateer uit die eerste helfte van die 3de eeu. Die ander dele van die NT is versprei oor verskillende biblioteke in o.a. Engeland.

Navorsers probeer eers die ontstaandatum van ‘n manuskrip bepaal deur na die skryfstyl te kyk en vergelyk dan die verskillende tekste. Kan die teks vertrou word? Die manuskripte is vroeg na die stigting van die Christendom geskryf, maar die meeste het behoue gebly terwyl ander antieke historiese werke grootliks vergaan het. In 1931 is elf papiruskodekse ontdek, waarvan drie die meeste van die geskrifte uit die NT bevat. Die teksvariante waaroor daar nog enige twyfel tussen tekskritici van die NT bestaan, raak geen wesenlike vraag van historiese feitelikheid of van die Christelike geloof en gebruike aan nie.

Wat die eerste Christene geglo het

Daar was twee faktore wat die vinnige ontwikkeling van ’n kerkidentiteit teweeg gebring het, nl. die noodsaak van die bepaling van lidmaatskapvoorwaardes en die druk wat die Judaïsme, ander gelowe en filosofieë, en dan ook die Romeinse Ryk op die kerk geplaas het. De kerk het die NT-geskrifte as gesaghebbend aanvaar, bepaal wat ortodoks en wat ketters is, geloofsbelydenisse opgestel, ampte in die kerk vasgestel en die basiese patroon van die Christelike jaar uiteengesit. Die eerste Christene was almal Jode. Die apostels het die riglyne gevolg wat Jesus self bepaal het. In die vroeë prediking is Jesus beskryf deur baie na die OT te verwys, soos ’n mens ook kan sien uit die Evangelies. Ons kan oor die oorskakeling van ’n kerk wat net uit Jode bestaan na ’n kerk met ook heidene, lees in Paulus se briewe.

Die kerke na die apostels se tyd is deur biskoppe (bewakers of toesighouers) gelei tot teen die helfte van die 3de eeu. Gemeentes het in klein groepies in huise bymekaargekom. Die sinagoge se patroon van Skriflesings en ’n preek binne die raamwerk van lof en gemeentelike gebede is deur die Joodse Christene oorgeneem. Dit verskil dus nie baie van vandag se eredienste nie.

Ons sien dus ’n moeisame maar vrugbare ontwikkeling van die Christendom. Dat die kerk oorleef het, is beslis die werk van God. Geen ander geloof het deur soveel stryd bly voortbestaan nie. Wat interessant is om op te let, is dat die patrone in die geskiedenis vandag ook in die wêreld te sien is. Die kennis van die Christendom raak al hoe skaarser in die wêreld, en die mens is in ’n humanistiese denkrigting vasgevang. Daarna, miskien nou al, sal daar heelwaarskynlik weer na die intellektuele aanvaarbaarheid van die geloof gekyk word, en as die Here wil sal daar in die toekoms ’n wêreldwye inkeer kom! Gelukkig kan ons uit die geskiedenis sien dat God sy kerk bewaar.

SEKSUALITEIT EN BOU VAN VERHOUDINGS VOLGENS GOD SE WIL

(N.a.v. sprekersaand 18 April 2000.
Seksualiteit en bou van verhoudings - Mev. Inge de Visser)

Annet Lubbinge

Hoe voel jy oor jouself? Is jy lief vir jouself? Dink jy gereeld: ek wens ek was maerder of het mooier oë of hare gehad? Of iets soos: ek wens ek kan ophou om so humerig te wees?

‘n Gesonde siening op seksualiteit begin met ‘n positiewe selfwaardering. Selfaanvaarding en self-waardering hoort by die eerste reëls wat die Here vir sy kinders gegee het. Liefde vir jouself is die basis vir die

liefde vir ander. M.a.w. jy kan nie iemand anders aanvaar en liefhê soos hy/sy is - met al sy gebreke - as jy nie jou eie gebreke kan aanvaar nie. (Lees Gal. 5: 14)

Hierdie siening van jouself gaan jou verhouding met alle mense bepaal, ook hoe jy die teenoorgestelde geslag gaan benader. Gaan jy die teenoorgestelde geslag met respek benader en die ander persoon se gevoelens in ag neem? Ons leef tussen so baie mense, maar is ons bewus van wie hulle is en wat van hulle en van onsself verwag word? Is julle net vriende of het jy aanleiding gegee dat verwagtings van iets meer geskep word? Hou jy haar dalk net aan 'n lyntjie soos die spreekwoord dit sê, of bedoel jy dit opreg - d.w.s. het julle respek vir mekaar se gevoelens. Ons moet besef dat daar verskillende belewing is in wat gebeur en dat daar ook groot verantwoordelikhede lê in wat ons doen en waartoe ons aanleiding gee.

Nou kan dit gebeur dat jy klaar 'n meisie het, jy het regtig gedink sy is die regte een. Jy neem altyd haar gevoelens in ag en respekteer haar. Maar tog werk die verhouding nie soos jy gehoop het nie. Kan julle jul verhouding verbeter? Ja en nee. Dink aan die volgende punte: (Dit geld vir verhoudings tussen alle mense)

- **Dank** vir jouself en bid om te groei (lees Fil. 2:1-11) m.a.w: Rig jouself op die Here Jesus.

- **Kommunikeer!** Jy moenie bang wees om vrae te vra, dinge wat jou pla met die ander een te bespreek nie. Vra ekskuus en sê jy is jammer as jy iets verkeerd gedoen het - Sien bv. Ps. 32 oor die verligting wat daar kom as jy bely dat jy 'n fout gemaak het of gesondig het.

- **Bemoedig!** (Wie was die laaste persoon wat jy bemoedigend aangespreek het?) Die Here bemoedig ons ook deur sy Woord. (Ps. 138 en 119)
- **Belangstelling** Onthou dis iets anders as nuuskierigheid! Dis 'n opregte belangstelling en meelewing in en met die persoon se vreugde en verdriet.

- **Bestraf** jouself en ook ander, maar in liefde. Ps. 101 is die beste riglyn vir jou daaglikse evaluasie.



- **Wees trou**, moenie een dag vriendelik wees en die volgende dag niks met die persoon te doen wil hê nie. (Moenie jou vriend, meisie, ou kies omdat daar persoonlike voordeel in is en as die voordeel verdwyn jy jou vriend ook los nie.)

MAAR

Tog, al doen jy al bg. moet jy nie verbaas wees as daar tog mislukkings is nie. Selfs al werk jy hard om iets wat jul verhouding versteur het weer reg te kry, partykeer sal dit nie weer regkom nie. Dit is nie 'n verskoning om nie te probeer nie, maar soms gebeur dit dat die een hard werk om die verhouding te red, maar die ander hou nie by wat afgespreek is nie. Dit is baie hartseer, maar tog moet jy die persoon dan laat gaan en hom/haar vergewe. En dan moet jy nie voel dat jyself gefaal het nie, maar dit aanvaar dat dit nie God se wil was dat julle twee bymekaar moet wees nie, Hy het dalk iemand anders vir jou in gedagte.

Ons as jeug moet besef dat ons nou in 'n moeilike tyd van ons lewe is waar baie groot besluite geneem moet word, en een van hulle is die keuse van 'n lewensmaat. Ons mag God ook bid om ons te help daarin, ook dat Hy ons sal help dat ons mekaar se gevoelens en liggame sal respekteer. Maar ons moet ook hierdie tyd van ons lewe geniet, dit is 'n wonderlike tyd, en ons kan dit ook ten volle en sonder skuldgevoelens geniet as ons volgens God se voorskrifte wandel.

HANSIE SÊ SATAN HET HOM VERLEI

Hein Smit

Die internasionale krieketwêreld is onlangs geskok met die nuus oor wedstryd- knoeiery. Hansie Cronje is daarvan aangekla dat hy omkoopgeld aanvaar het en daardeur wedstryde se resultate beïnvloed het. ‘n Kommissie is aangestel onder leiding van regter Edwin King om die betrokke saak te ondersoek. Talle bewyse word ingedien om die ondersoek te vergemaklik. Een van die bewyse is een wat deur Hansie self ingedien is. Dis ‘n skuldbelydenis wat hy saam met ‘n pastoor McCauley opgestel het.

In die dokument stel hy die volgende: “ In ’n onbesonne en swak oomblik het ek Satan en die wêreld toegelaat om terme aan my te dikteer. Die oomblik toe ek my oë van Jesus gehaal het, het my wêreld vir my donker geword. “ Ek glo dat die koerant berig by baie mense simpatie en bejammering gewek het. Dit was ‘n mooi gebaar om skuldbelydenis te doen en nog daarby te erken dat dit sonde was. Dit is ‘n indikasie dat Hansie soos ons almal weet waar die oorsprong van die sonde lê.

As daar in diepte na die stelling gekyk word, lê daar tog heelwat gevaar daaragter. Pastoor McCauley verwys ook daarna as die “Satan se skuld” in Hansie se geestelike belydenisbrief. Ons moet onsself net nie verskoon en die skuld van die sonde op die duiwel pak nie. As ons kyk na die begin van die wêreldgeskiedenis, staan daar in Gen. 3 dat Satan of te wel die slang Adam en Eva in die paradys verlei het. God kom dan ook pertinent met sy straf na die slang **en** die mens toe. Die mens dra ten volle verantwoordelikheid vir al sy sondes. Nêrens word daar in die Bybel vermeld dat Christus op aarde gekom het om vir Satan se sondes te sterf nie. Satan is die oorsprong van alle sondes, maar ons mense op aarde bly die keusemaker of besluitnemer. Daagliks word ons gekonfronteer met die sondes deur middel van versoekings en beproewings.

Die Heidelbergse Kategismus (vr. en antw. 2) praat pertinent van hoe groot **my** sonde en ellende is en hoedat **ek** van al **my** sondes en ellende verlos kan word en laastens hoe **ek** God vir so ‘n verlossing dankbaar moet wees. Hier is geen sprake van Satan of sy werke en skuld nie.

Die stelling wat Hansie Cronje dus gemaak het, is baie gevaarlik. Dis om blatant die skuld vir ‘n ander te gee en om homself dan weer in ‘n goeie lig te plaas. Dit verklaar dus ook hoekom hy dit by die kommissie van ondersoek ingedien het as ‘n pleidooi vir versagtende omstandighede.

Die boodskap wat hier agter lê is dat ons te alle tye ten volle verantwoordelikheid vir ons sondes moet dra en dit nie geensins op ons naaste of Satan af kan skuif nie.

KOM JY SAAM SONDAGAAND?

Wilma Lubbinge

Onder die jeug in beide die VGK-gemeentes in Pretoria is daar die gewoonte om Sondagaande, soms ook oggende, saam êrens by iemand se huis te gaan koffie drink. Dit is 'n gewoonte wat al jare saam met ons kom en onder die jeug bekend staan as *koffiedrink* of *groep*. Koffiedrink maak al so 'n normale deel van die meeste jeuglede se Sondagaktiwiteit uit, dat dit miskien goed is om daaroor te besin. Dit is ook na aanleiding van 'n brief van 'n mede-jeuglid wat in 'n vorige *Olielamp* (Mei 2000) verskyn het, vir wie die koffiedrink-gesellighede ‘n negatiewe en afbrekende ervaring geword het.

Maar wat is die gevoel oor koffiedrink in die algemeen? Om meer daaroor uit te vind, is daar een

Sondag na die aanddiens ‘n aantal vraelyste willekeurig onder die jeug van Pretoria versprei, wat hulle daar en dan moes invul en teruggee.

Hierdie artikel gee net ‘n vertolking van die jeug in Pretoria-gemeente se algemene gevoel t.o.v. koffiedrink, en om dalk ‘n klip of twee in die bos te gooi.

Die vraelys:
(Die reaksies word regstreeks en samevattend weergegee.)

Vraag 1: Waarom gaan jy wel/nie koffiedrink toe (nie)?

- Vir die geleentheid om met ander jeug te sosialiseer.
- Vir die koek en ander eetgoed.
- Omdat ek niks anders het om te doen nie.
- Gaan nie, omdat ek nie daar tuis voel nie.

Vraag 2: Wat sou jy dink is die goeie punte van koffiedrink?

- Om nie te gereeld te gaan nie, anders raak dit ‘vlak’.
- Jy praat met ander jeug met wie jy anders nie praat nie.
- Goeie gesprekke.
- Ons leer mekaar ken in ‘n ontspanne omgewing.
- Daar is geleentheid vir opbouende gesprekke (maar dit word bitter min gebruik).
- Goeie Sondag besteding, bou onderlinge band.

Vraag 3: Wat dink jy kan verbeter?

- Dit kan beter georganiseer word.
- Gesprekke kan sinvoller wees, meer opbouende onderwerpe.
- Die koek - soms.
- Miskien kan ons iets meer konstruktief doen bv. meer sing-aande hou.

Vraag 4: Hoe gereeld woon jy dit by?

- Amper elke week.
- 3 maal ‘n maand.
- Altyd.
- As ek lus is.
- 1 maal in 3 maande.

Vraag 5: Sal jy met vrymoedigheid ‘n vriend van buite die kerk saamvat?

- Nee.
- Ja, definitief.
- Ja, hoekom nie?
- Ja, soort van.

Vraag 6: Dink jy die koffiedrink is werklik belangrik?

- Ja, bou onderlinge bande, ons moet weet van mekaar se doen en late.
- Ja, maar dit is miskien nie elke week nodig nie.
- Ja, dit gee ‘n beter eenheid.
- Nie noodsaaklik nie, maar wel gesellig.
- Uiters geskik vir skinder.
- Goeie manier om ‘n lewensmaat te leer ken. (‘n Selfoon is die paspoort tot koffiedrink - en wie die nuuste tegnologie het.)
- Nee, nie regtig nie

Klip in die bos:
Ons as jeug moet herbesin oor koffiedrink en alles wat daarmee saamgaan m.a.w. wat wil ons bereik? Ons moet besef watter sterk wapen in ons hande geplaas word - ons kan daarmee afbreek of opbou.

Koffiedrink moenie ‘n wedywering word tussen gasvrou/heer oor wie die beste/meeste/lekkerste koek en eetgoed kan verskaf nie.

GEBED

Anél Winterbach

Die meeste van ons het aan moedersknie ons eerste gebed gebid. Ons onthou hierdie eerste gebed nie as ‘n besondere “gebeurtenis” in ons lewens nie, maar dit was die begin van die goeie gebruik om daagliks op die knieë voor die Here te gaan.
Paulus sê: “Julle het die Gees ontvang wat julle tot kinders van God maak”, wat ons tot God laat roep: “Abba”. Dit beteken “Vader” (Rom. 8:15). Die woord “Abba” sê dat daar ‘n nuwe verhouding tussen die bidder en God tot stand gekom het. Die gelowige is van nou af ‘n kind van God en sy gebed neem die vorm aan van ‘n vertroulike gesprek tussen ‘n vader en sy kind.

Die Bybel sê ook: “Wie tot God nader, moet glo dat Hy bestaan en dat Hy die wat Hom soek, beloon.” (Heb. 11:6). Geloof is dus die grondliggende vereiste vir gebed, maar dan geloof met ‘n spesifieke, tweeledige inhoud, nl. dat God bestaan en dat Hy gebede verhoor.
Dit is dus baie belangrik dat ons moet besef dat God die Kragbron is van wie die wêreld, die owerhede, die kerk, die enkeling volkome afhanklik is. Hy laat Hom ken as die verhoorder van die gelowige gebed. Maar dan moet die gebed werklik ‘n gelowige gebed wees. Hebreërs 11:6 sê ook dat as ‘n mens nie glo nie, dit onmoontlik is om te doen wat God wil.

Daar bestaan baie keer die vraag van: wat mag ons eintlik alles vra? Elkeen wat die behoefte van gebedsverhoring aanvaar, het die reg om alles, volstrek alles wat vir hom van belang in die lewe is, na die Here toe te bring in gebed. Maar dan nie in vae en algemene terme nie. Nee, die Here verlang ‘n doelgerigte gebed wat handel oor ‘n bepaalde saak. Jesus het vir sy dissipels geleer dat die Vader aan hulle sou gee wat hulle vra mits hulle dit vra in sy (Jesus se) Naam (Joh. 14:13, 15:16, 16:23, 24.26). As ‘n gelowige dus vir die Here vra vir iets wat na aan sy hart lê, wat sal hy dan kry?
Wanneer sy gebed skynbaar nie verhoor word nie, kan dit hom ernstig laat twyfel. Die Here Jesus het dan herhaaldelik die versekering gegee dat alles wat ons in sy Naam vra deur die Vader aan ons geskenk sal word. Tog gebeur dit dikwels dat ons nie kry waarvoor ons vra nie.

Maar beteken dit dat ons gebede onverhoor gebly het?
Van menslike kant gesien, is ons geneig om op hierdie vraag ja te antwoord. Daar is egter ook ‘n Goddelike kant van die saak, en die kant is belangriker as die menslike kant. Ons moet ootmoedig die wil van God soek, en daarom ook bid volgens die wil van God. Dit is moontlik dat dit waarvoor ons vra in ons gebede nie sy wil is nie, en Hy dit dan goed vind om ons gebed op ‘n ander manier te beantwoord. Vir so ‘n antwoord moet ons gelowig die oog, die oor en die hart oophou. Ons as gelowiges moet dus vashou aan twee waarhede wanneer ons bid, naamlik dat God bestaan, en dat Hy ons nie met leë hande sal wegstuur wanneer ons bid en vra nie. God is daar, Hy is die Vader wat die roepstem van sy kinders hoor en ons antwoord met groot liefde en tot ons beswil. En hierdie antwoord is dikwels anders, beter, as wat ons gevra het.

Dat ‘n mens verkeerd kan bid, is nie ‘n denkbeeldige verskynsel in die godsdienstige lewe nie, maar kom daadwerklik voor en lei tot ellende. Al die beloftes verbonde aan gebed en die verhoring daarvan verval wanneer ‘n mens verkeerd bid. Die verkeerde lê nie in die vorm of in die bewoording van die gebed nie, selfs nie in die inhoud as sodanig nie. Dit is immers nie verkeerd om al ons begeertes aan die Here bekend te maak nie. Jesus leer ons dan ook om te bid vir ons

daaglikse brood, dit wil sê vir alles wat ons nodig het om ons lewe sorgvry en gelukkig te maak. Die verkeerde lê egter in ons **harte.**

Wanneer ‘n mens net jou selfsugtige begeertes wil bevredig, sal jy nie vervulling of genoegdoening smaak nie. Mense by wie die selfsug die dryfveer tot gebed is, het aan God ontrou geword deur sy gebod om nie te begeer nie, te oortree.

Om die verkeerde te kan regstel, is daar net een uitweg: volstrekte selfverloëning en heelhartige toewyding aan die Here. Jakobus sê: “Onderwerp julle in nederigheid voor die Here, en Hy sal julle verhoog. Hy sal jou gebed verhoor!”

Rehobot

Gen 26:22 : “ Nou het die HERE vir ons ruimte gemaak”

Jeug van die Vrye Gereformeerde Kerk te Bellville

DEUR DIE SLEUTELGAT

Die toetse, toetsreekse en ander stresvolle aktiwiteite is vir die meeste van ons al verby alhoewel die groot eksamens voorlê en daar deur die bank deur studente en werkendes nou hard gewerk word (of so hoop ons!). Die werkendes werk natuurlik altyd hard, eksamen of te nie. Al lafenis wat daar was, was in die vorm van die twee lang naweke en ander vakansiedae wat 'n bietjie verligting gebied het. Al die jeuglede het ten volle gebruik daarvan gemaak! In geen spesifieke chronologiese volgorde sal ek dit verhaal. (Wanneer hierdie artikel verskyn is die volgende langnaweek om die draai – of miskien al iets van die verlede!)

Die eerste groot gebeurtenis was toe Hanswors (oftewel Hans) keer op keer sy verskyning gemaak het. Wat was die attraksie sal julle vra? Ek weet nie maar blykbaar het hy gereeld by ou tant Hessie gekuier. Hans, dit was lekker om jou hier te hê en ek weet dat jy die strande, son en mooi meisies (op die strande natuurlik) baie geniet het! Een ding wat julle al in gemeen het, is dat julle albei se name met ‘n H (Hans en Hester) begin. Dit is al ‘n baie goeie begin!

Floris het ook inmiddels af gekom vir so ± 3 weke.
Almal was bly om die sosiale veteraan te sien en jou wrintie waar: die socials het toegeneem soos nooit! Intussen het hy weer terug vertrek na Zululand want hy meen hy het nog bietjie werk om te doen voordat ons hom as meester op die gebied van houtbewerking kan aanspreek.
Sommige dames onder ons het stik jaloers geraak toe Theo 'beken' het dat hy bekoor is deur 'n sekere swaan! Theo het hulle beet gehad en dit terdeë geniet.



Corrien het vir ‘n naweek alleenlik Pretoria toe gegaan om die bande daar te verstewig. Op hul heenpad het die motor ongelukkig by Brackenfell (± 15 km buite Bellville) al probleme gegee wat hul trip met drie ure vertraag het. Nou kan julle dink as ‘n mens net vir ‘n naweek gaan, dan is drie ure nogal baie tyd. Gelukkig kon sy haar naweek nog geniet en beplan om die vakansie met die bus op te gaan. Sy weet duidelik nie dat dit 22 uur neem om in Pretoria uit te kom indien daar geen vertragings is nie, wat uiters onwaarskynlik gaan wees. Sterkte Corrien!

Maartje het verjaar (21 nogal – op hierdie ouderdom word ‘n mens gewoonlik as wys beskou, maar ons het ons twyfels!) en 'n lekker koffiedrink is daar gehou waar ons mae deeglik gevul was. Axel en Theo het ook uit ervaring gepraat oor sekere jeuglede wat gepraat het oor 'curve-views' en streng ouers. Die konklusie was dat Axel en Theo rebelle was!

‘n Hele paar ander jeuglede kon ook hul verjaarsdae in Mei vier. Ek praat nou van Roseanne, Anel, Jacques, Marco, Erik-Jan, en Karin. Hoop julle het almal mooi dae gehad.

Ons moes met trane in ons oë afskeid neem van Erik en Axel wat hulle opleiding verder vat in Gauteng. Ons sal julle staatmakers mis! Gelukkig kom hulle darem weer terug. Maar voor dit kon gebeur moes daar eers 'n afskeidsbraai gehou word. Dit was aan die koue kant maar Carina het die oplossing gehad met matrasse en komberse.
Die vetskieters het vet geskiet (en gebraai) om die vuur terwyl die ander die koue uit probeer hou het!
Op die ou end moes daar maar afskeid geneem word hoe lank ons dit ook al wou uitstel.

Baie mense het gekom en gegaan waaronder Floris, Kornelis; Jo'burgers Rickert, Leon en Jessica; en Tineke van Pretoria wat nog hier is vir 'n kursus, waar sy blykbaar lekker sit en boeklees!

Daar is gelukkig nou ‘n koffiedrink rooster op in die kerk. Maartje het almal aangemoedig om hul huise beskikbaar te stel. Dankie daarvoor. ‘n Spesiale woord van dank aan Christine van der Linden, wat die rooster so pragtig vir ons uitgetik het! (Nogals binne drie dae uitgetik en in kerk opgehang). Die rooster sal daar bly hang totdat hy geel is van oudheid, sodat ons dit nog lank kan bewonder. Julle sal sien daar is nog ‘n paar oop ruimtes op hierdie rooster, dus moet glad nie huiwer om jou naam op te skryf nie – al is dit vir die 4de keer, niemand sal beswaar aanteken nie.



‘n Laaste feit wat ek wil noem (aangesien hierdie blad nasionaal van aard is) is dat die Springbokspan uit onder andere 11 Stormers en 2 Bulls bestaan. Dit beteken dat die Stormers die meeste ouens in die span het en die Bulls die minste (vir die in Gauteng wat dit nog nie logies kon uitredeneer nie het ons die gou verklaar). Wys tog net weer dat daar by seespieël beter rugby gespeel word as so hoog bo seespieël!

Ek moet nou gaan maar wees verseker daar gaan nog baie socials op julle wag want Giny het gesê sy wil kuier en as sy wil kuier gaan daar groot opskoppies wees!

EKSAMEN STRES?

Die Kapenaars het ‘n paar blink gedagtes, alle idees is egter nie ‘foolproof’ nie!

Dink aan enigiets behalwe eksamen – en as jy besef dis te laat om te begin stres, kry vir jou ‘n slaansak en **baie** sjokolades. - Annemarie en Hester
Ek stres gewoonlik eers na die tyd. - Ewart
Skel op almal rondom jou. - Sandra
Begin lekker liedjies uit volle bors sing, en liefs terwyl jy stort! - Anoniem
Pop ‘n pil of ‘n poeier en jy’s weer gefix. - Antoinette
Doen alles behalwe leer; gaan soek jou vriende op en probeer alle nuwe kuierplekke uit. - Maartje
Organiseer ‘n kenmekaar-sessie met jou hond. - Chrisjan
Wat jy ook al doen, moet jou stres onder GEEN omstandighede op jou medemens uithaal nie. Gesien die feit dat ‘n eksaminator beswaarlik as jou vredeliewende medemens beskou kan word, neem weerwraak deur ons beproefde, dog eenvoudige resep te gebruik, en gee jou eksaminators stres op een of al die volgende maniere:
Antwoord jou Biologie vraestel verkieslik in jou bababoetie se vetkryte, jou Wiskunde vraestel in Romeinse syfers en jou Geskiedenis vraestel in hiërogliewe indien dit binne jou vermoë lê. Sou dit nie die geval wees nie sal enige ander antieke skrif ook doen. - Corrien en Carina (CBC’s)

Ons het nie eksamenstres nie! - Ewart en Jaco
Ek stres nie oor eksamens nie. - Maarten
Vat ‘n perd vir ‘n galop. - Ginnie
Laat jou ou jou rug krap. - Clara
Ek gaan stap met my hond. - Riana
Sit jou handboek onder jou kussing en gaan slaap. - Magda
Stap skool toe en terug. - Frans
Gaan vir ‘n draffie. - Anoniem
Steek jou vraestel aan die brand en gooi dit in jou plastiek drom… - Peter
Draai jou hi-fi oop en sing saam uit volle bors. - Clara
Gaan gim. - Eugene
Huil van frustrasie. - Riana
Val die yskas aan. - Christine
Gaan lê voor die TV. - Anoniem
Gooi jou bril teen die muur. - Anoniem
Leer meer! - Maaike
(sy’s natuurlik al lankal klaar geleer en kan maklik praat –Red.)

VOETSPORE

Die tyd vlieg so vinnig verby en ek is alweer besig om ‘n artikel te skryf vir die Olielamp. Jy dink jy is nog besig met die een ding en dan is die volgende ding ook al op jou. Ek hoop net dat julle die herfs ten volle ervaar het. Dit is verbasend en onverstaanbaar hoe God dit regkry om elke blaartjie van elke bladwisselende boom in so ‘n unieke kleur te laat verander. Die wêreld lyk nog steeds so vrolik van al die gekleurde blare, al is dit besig om bibberkoud te word. Ek hoop julle het almal warm klere, want dit voel vir my asof hierdie winter baie koud gaan wees hier in Gauteng.

Wel, laat ek wegspring met al my nuus.

Bea Bruintjes, wat vanaf die VSA hier gekuier het, is nou weer terug oorsee. Sy was die meeste van

die tyd in Pretoria gewees maar het ook ‘n rukkie vir die Kapenaars gaan kuier. Ons het ‘n groot afskeidspartytjie gehou en daar is baie stil trane gehuil, maar gelukkig bestaan daar sulke goed soos posdienste en e-pos.

Daar is nou ook weer twee mense van die Kaap af hier. Ek kan nie sê dis twee Kapenaars nie, want die een is eintlik ‘n Pretorianer. Axel Hagg en Erik van Alten is nou hier vir ‘n rukkie om hulle opleiding in teologie voort te sit. Welkom, ek hoop julle geniet julle tyd hier.

Daar het nie soveel sosiale aktiwiteite die afgelope tyd plaasgevind nie, tensy ek die helfte vergeet het. Daar was ‘n vossejag by die Kolonade sentrum gereël deur die jeug van Maranata. Dit lyk my die mense het dit baie geniet, want ‘n mens hoor net van al die stories hoe elkeen die soektog ervaar het. ‘n Sekuriteitswag het blykbaar van die jeug voorgekeer en gesê dat ons nie speletjies daar mag speel nie. Die plan was om na die tyd by die Spur te gaan eet en kuier, maar toe het hulle nie genoeg plek gehad nie. Die jeug het toe maar by die Wimpy ingevaar. Gelukkig gee ons nie regtig om waar ons kuier nie, solank ons net kan kuier. Ek dink almal het die aand geniet en dit is net te danke aan die inisiatief van die jeug van Maranata.

Die warempelaand het ook sy gesig gewys. Vir die wat nie weet nie, dit is ‘n talent-aand waar enigiemand met hulle talente kan kom spog. Hierdie jaar was daar weer ‘n verskeidenheid van toneeltjies en musiekstukke. Die gehoor se lagspiere is gekielie met die toneelstukkies en dan was daar weer die musiek om net weer by te kom en te ontspan. Dit lyk vir my asof die mense dit wel geniet het. Dirk en Lois Boon het die aand met die trofee weggestap. JV Ligdraers, dankie vir ‘n puik aand.

So tussen al die aktiwiteite bly die studentevereniging ook nog aan die gang. Die laaste vergadering wat ons gehad het, het gegaan oor hoe ons as Christenmense met die natuur moet omgaan. Martin de Wit was bereid om die spreker te wees en het gereël dat ons op WNNR se gronde mag vergader. Dit was goed om weer te hoor dat ons die aarde moet oppas soos God ons dit in sy woord vra. Na die tyd het ons by ds Visser gaan kuier. Daar was ‘n partytjie aan die gang waarvoor ons uitgenooi was. Ek weet nie of hulle so baie mense verwag het nie, maar daar was in elk geval genoeg eet- en drinkgoed.

Teen die tyd wat hierdie Olielamp uitkom, is al die studerendes besig met eksamen. Ek weet dit is nie altyd lekker om te leer nie veral as dit by die laaste vraestelle kom. Ons moet net vasbyt, want daar is ‘n einde aan alles. Ons leer ook vir ‘n doel en dit is om God te loof en prys en om dankbaar te wees vir die geleentheid wat ons wel mog ontvang. En dit is ‘n goeie ding om ‘n mens se algemene kennis te kan verbreed, want dan kan ‘n mens altyd jou medemens iets byleer en weet wat om jou aangaan.

Van ‘n koulike sufgeleerde Voetspoor.

BOEKBEKENDSTELLINGS: KENNIS IS MAG

Wilma Lubbinge

Dit is ‘n feit dat daar vandag al hoe minder boeke gelees word, die mense verkies om televisie te kyk of vinnig deur ‘n koerant te blaai. Daar is egter ’n magdom aan kennis en inligting in boeke wat ons nie mag misloop nie. Daarom sal daar verskillende boeke in hierdie rubriek bespreek word. Goeie boeke om ons in ons geloof te sterk en slegte boeke om ons bewus te maak van en te waarsku teen die verkeerde invloede rondom ons en hoe ons daarteen moet optree.



Putting Feet to your Faith - Peter Hammond
Hierdie uitdagende boek roep almal op om ons Wapenrusting aan te trek en die stryd teen die Satan en die sonde ernstig op te neem.

Verskeie aktuele onderwerpe word direk aangespreek, onder andere:

- Die gevaar van ‘n passiewe geloof.
- Die nuwe heidendom - Afgode, bygelowe en kinderoffers (aborsie) van die Westerlinge
- Die wêreld se oorlog teen God - Islam, Humanisme, Kommunisme.
- Die mite van neutraliteit - Is dit ‘n opsie? Christene se neutraliteit t.o.v. : geloof, opvoeding, misbruik van die Naam, pornografie en aborsie.

Die boek vertel verder van sending in Afrika - die teleurstellings, die gevare, die oorwinnings, die opdrag. Dit daag ons uit, en roep ons op, om ons Christelike verantwoordelikheid ernstig op te neem en werklik ons geloof uit te leef tot bevordering van God se koninkryk.

Die boek is beskikbaar deur *Frontline Fellowship* (wat ook die uitgewers is), hulle kan gekontak word by (021) 689 4480 of (021) 685 5884 of e-mail: frontfel@gem.co.za
Ook beskikbaar by Esra-boeke (28 ste laan 880)

Moerland - Chris Barnard
‘n Spannende roman wat vertel van die oorlog in Angola, van Lukas van Niekerk se reis deur die lewe. Van sy stryd om te lewe - Angola stop hom in die tronk oor hy nie MPLA is nie, hy is te swart vir Suid-Wes en Mosambiek wil hom nie hê oor hy nie ‘n permit het nie.

Maar hy weet van Suid-Afrika - Moeka se land, die land van melk en heuning- ook sy land. Hy is groot gemaak met Langenhoven se ewige gebergtes, Toon van den Heever se hoëveld en Jan Celliers se vlakte. Tot hy eindelik die grens na die beloofde land oorsteek, toe maak hulle hom ‘n kaffer.

Twintig jaar later gaan soek ‘n blanke joernalis vir ene Sipho Mbokani in Alexandra op. Hy praat glo Afrikaans. Hy dryf ‘n taxi. In sy huis is Totius en ‘n Kaapse tolletjies stoel ewe verweerd. Maar hy het lankal “Afrika se wit tet” uitgespoeg, die melk het vir hom rens geword. Tog word hulle vriende - die bitter swart man en die soekende Afrikaner. Want wat hulle bind is meer as wat hulle skei. En later wanneer die joernalis Lukas se verhaal opteken, sy lorrie se spoor deur Angola vat suide toe, deur skrynende verwoesting, kan hy dit net doen deur sy eie daarmee te vervleg. Ook dié van sy regs-rebelse seun Deon wat, soos Lukas vroeër, aan moedersknie sy hart vergeefs verpand het aan ‘n mitiese Afrikanerdom. Hulle al drie se verhaal, in ‘n Suid-Afrika wat soos Angola vroeër om hulle in duie stort.



Die ontstellende boek verbreed jou horison en laat jou herbesin oor jou prioriteite en houdings in die lewe. Dis ‘n boek wat jou altyd by sal bly omdat dit jou in jou fondamente skud.

Beskikbaar by die meeste openbare biblioteke.

A PHILOSOPHY FOR LIFE

Keep your
THOUGHTS
positive…
Because your
thoughts
become your
WORDS

Keep your
WORDS
positive…
Because your
words
become your
ACTIONS

Keep your
ACTIONS
positive…
Because your
actions
become your
HABITS

Keep your
HABITS
positive…
Because your
habits
become your
VALUES

Keep your
VALUES
positive…
Because your
values
become your
DESTINY

Enige reaksie hierop is baie welkom.

VERJAARSDAE

Bethal	
Charl Coetzee	07-Jun
Toinette Coetzee	23-Jun
Elize Botha	25-Aug

Johannesburg	
Riekert van Lith	02-Jul
Esther Kuyvenhoven	21-Jul
Leon Byker	13-Aug
Robbert van den Brink	14-Aug

Kaapstad	
Diana Douma	06-Jun
Frans Geleijnse	30-Jun
Antionette Raimond	01-Jul
Marc Douma	06-Jul
Carina van Alten	06-Aug
Clara van der Vinne	06-Aug
Margreet Moes	06-Aug
Ewart Antonides	10-Aug
Sandra Scheltens	20-Aug
Wietske Douma	26-Aug
Monique Visser	28-Aug
Theo de Vries	29-Aug
Mirjam Raimond	31-Aug

Maranata	
Clarisse van den Bout	02-Jun
Marlene de Vente	05-Jun
Hein de Jager	06-Jun
Marie-Louise van den Bout	14-Jun
Margreet Bron	24-Jun
Johannes Kerkhoff	27-Jun
Gys van der Meulen	04-Jul
Ria de Vries	02-Aug
Annelie de Jong	06-Aug
Jurrie Eilers	17-Aug
Thea de Jager	17-Aug

Pretoria	
Aliena Miske	09-Jun
Cornelis Kleyn	09-Jun
Marius Bijker	09-Jun
Henriette Ros	16-Jun
Charlene Danielz	23-Jun
Gerbrand Klapwyk	30-Jun
Martyn Ros	01-Jul
Gerhard Bijker	05-Jul
Lientjie de Jager	10-Jul
Gerieke Meijer	21-Jul
Tineke Hagg	28-Jul
Christiaan Zielman	01-Aug
Jan van Houwelingen	01-Aug
Erik-Jan de Wit	02-Aug
Wilma Lubbinge	03-Aug
Hilde Ros	05-Aug
Laurike Bosker	21-Aug
Albert Smit	22-Aug
Anja Kamphuis	22-Aug
Martin Kamphuis	22-Aug
Annet Lubbinge	23-Aug
Alida van der Horst	28-Aug

Are you interested in meeting fellow-Christians in Australia?

The youth of the Australian Free Reformed Churches invites all the youth from their sister churches to attend a Convention to be held from 4-8 January 2001 in Western Australia.

We will be discussing the theme BOLD LOVE.

For more information check out the convention homepage: http://members.iinet.net.au/~gjkleyn/

or mail one of the contact persons in Australia
Amanda Kampman: amandakampman@hotmail.com
Natalie Kleyn: nkleyn@tartarus.uwa.edu.au

Or else give Willemien Kleyn a call: (012) 331-0931

BEDANKING

Die PTA-redaksie wil, ook namens die ander Olielamp redaksies, Dirk Boon bedank vir al die insette wat hy gelewer het die afgelope paar jaar. Hy het al op die Kaapse Olielamp redaksie gedien 'n paar jaar terug toe hy nog daar studeer het.
Dirk se bedanking is as gevolg van te veel werk en studies en verder beplan hy om binnekort oorsee te gaan. Dirk, jy het regtig baie vir ons Olielamp redaksies beteken. Ons bid dat die Here jou op die pad vorentoe sal begelei in alles wat jy doen.

Die redaksie van Pretoria.